


Belastingvrye spaar – dink eers hieroor

Beleggingsbesluite geraak deur baie meer as net taks

Nico van Gijsen



Raad met jou rande

As jy geld wil spaar in 'n sogenaamde belastingvrye beleggingsproduk, doen dit vóór 25 Februarie, om seker te maak dat alles afgehandel kan word voor die einde van die belastingjaar. So nie, het jy vanjaar se geleentheid gemis.

Goed, dis nou gesê en dit is belangrik.

Die vraag waarby ek vandag wil stilstaan, is of dit regtig die moeite werd is? Ek kom agter baie mense belê hierin vir hulself en hul kinders of kleinkinders omdat hulle meegevoer raak oor die “belastingvry” en dan nie verder dink nie.

Is die belastingvoordeel werklik so goed?

Ek wil hiermee niemand afskrik om hierin te belê nie. Liewer dit as niks. Maar 'n mens se beleggingsbesluite word geraak deur baie meer as net belasting. Wat die doel met die belegging is, is vir my die belangrikste. Belasting is uiteraard belangrik, want dit is 'n beleggingsrisiko, saam met vele ander. Kom ons kyk.

Die belastingvrye spaar is beskikbaar vanaf 1 Maart 2015. Die bedrag wat jy jaarliks kan spaar is tans R36 000 met 'n beperking oor jou lewe van R500 000. Die beleggingsgroei in hierdie spaarproduk is belastingvry, dus geen inkomstebelasting op rente nie, geen kapitaalwinstbelasting (KWB) op aandele wat verkoop

word nie en geen dividendbelasting nie.

Kom ons kyk verder. As dit gaan om die maksimum belastingvoordeel alleen, steek dit lelik af teen 'n uittreeannuïteit (UA). Die jaarlikse premie, die R36 000 per jaar, met die belastingvrye spaar is nie aftrekbaar vir belasting nie, jy spaar dus met nabelaste geld. In 'n UA is die premie aftrekbaar tot soveel as 27,5% van inkomste, of R350 000 per jaar.

As jy nie die volle R36 000 in 'n jaar gespaar het nie, kan jy die verskil nie oordra na die volgende belastingjaar nie. Met 'n UA kan jy dit wat jy nie vanjaar kon aftrek nie, oordra na die volgende belastingjaar en dan aftrek van jou inkomste vir belastingdoeleindes.

As jy meer bygedra het as die toegelate R36 000 word jy beboet met addisionele belasting van 40% (ongegag jou marginale belastingkoers) op die bedrag wat meer is as die toegelate R36 000. As jy byvoorbeeld R40 000 gespaar het, gaan jy (R4 000 x 40%) R1 600 addisionele belasting betaal, dus jou normale belasting in die jaar plus nog R1 600. Dit terwyl jy met 'n UA, soos ek noem, eenvoudig die deel wat jy nie kon aftrek nie, kan laat verleng en in die volgende jaar aftrek.

My doel is nie om die twee produkte te vergelyk nie. Ek wou net die “belastingvoordele”, as dit gaan om belastingvoordele alleen, uitlig. Maar dis tog ook nie

die einde van die belastingstories nie.

Eers dan maak dit sin

As jou belastingvrye belegging ten volle in rentedraende instrumente belê is, moet jy meer aan rente verdien as R23 800 (as jy onder 65 jaar oud is) en meer as R34 500 (as jy oor 65 jaar is) voordat jy 'n belastingvoordeel gaan kry. Teen 'n renteopbrengs van sê 5% per jaar beteken dit dat jy onderskeidelik R476 000 (onder 65) en R690 000 (bo 65) op belegging moet hê.

Teen die R36 000 per jaar wat jy mag spaar, wat groei teen 5% per jaar, gaan dit 'n rukkie neem om hierby uit te kom. Vir die wat nie somme wil maak nie, dis tien jaar en 13,3 jaar onderskeidelik. En dan praat ek nog nie eens van KWB waar jy 'n jaarlikse vrystelling het (op aandeleverkope) van R40 000 voor KWB bereken word nie.

Dit is eers ná hierdie vrystellings dat jy begin voordeel trek uit die belastingvrye spaar. Maar ook nie, want daar is meer. En hier dink ek veral aan mense wat die belastingvrye spaar gebruik om vir kinders en kleinkinders te spaar. Baie keer met die oog op studiegeld vir “eendag”.

Die rente- en KWB-vrystellings wat ek hierbo noem, geld eweneens vir kinders. Maar die meeste kinders het nie ander inkomste waarop hulle belas word nie,

so vir hulle moet ons ook nog die jaarlikse primêre belastingkorting van R14 958 in berekening bring voordat daar vir hulle 'n belastingvoordeel in is.

Alles in ag genome, die belastingdrempel vir diegene onder 65 is R83 100. Eers op inkomste daarbó word jy belas. Eers op inkomste daarbó maak die belastingvrye spaar dus sin.

Kinders betaal elk geval nie belasting

Die R500 000 is 'n toeweging oor jou lewe. As jy geld uit die belastingvrye belegging moet onttrek, kan jy dit nie weer terugplaas nie.

As jy dus dink jy spaar vir 'n kind of kleinkind en hulle onttrek van die geld, sê maar vir studie, kan hulle nie self weer verder spaar hierin nie. En dit omdat jy vir hulle belasting wou bespaar toe hulle in elk geval nie belastingpligtig was nie.

Dink voor jy doen. Dit geld vir enige belegging. Elke ding wat jy doen met geld het gevolge. Weet dit en doen dán.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.

